





# Burgerpas: ’n Stil Juweel in die Koo

Hallo julle,  die maand neem Martin ons na ‘n pas in die Koo vallei. Min roetes in die Wes-Kaap dra soveel geskiedenis én rustige skoonheid soos die pad deur die Koo-berge.
Wat vandag bekend staan as **Burgerpas**, het egter ’n veel ouer storie.

Toe dit 1877 gebou was, het Andrew Geddes Bain na die roete as die **Koo-bergpas** verwys, terwyl dit plaaslik ook bekend was as die **Koodoosbergpas**. Eers in 1951 sou die pas sy huidige naam kry—’n huldeblyk aan ’n man wie se vasberadenheid die pad se ontwikkeling help vorm het.

Piet Willem van Hesland Burger, ’n toegewyde lid van die Montagu Afdelingsraad, het hom jare lank beywer vir die verbetering van die pas. Tussen 1943 en 1951 is daar intens gewerk aan ’n vyf kilometer lange stuk rotsagtige terrein. Die projek is voltooi met ’n gruisoppervlak, verbeterde hellings (meestal 1:15) en breër draaie om die roete veiliger en meer toeganklik te maak.


Teen ’n koste van ongeveer £30 000 was dit geen geringe onderneming nie. Burger se persoonlike bydrae het egter verder gestrek as infrastruktuur—hy het ook bloekombome langs die pad en by piekniekplekke laat aanplant, wat vandag nog skadu en karakter aan die roete gee.

Met die amptelike heropening op **18 Mei 1951** is die pas herdoop tot Burgerpas ter ere van sy volgehoue toewyding. In 1960 is die pad verder opgegradeer tot ’n permanente teeroppervlak—’n verbetering wat moderne reisigers steeds geniet.

Burgerpas bied asemrowende uitsigte oor die vrugbare Koo-vallei, noord van Montagu. Hierdie streek is bekend vir sy appel-, peer-, perske- en appelkoosboorde wat in die lente in

sagte skakerings van pienk en wit bloeisels getooi is. ’n Ruim piekniekplek langs die roete nooi reisigers om stil te hou, iets te geniet, en die uitsig in te drink—’n herinnering dat nie




alle paaie gejaag hoef te word nie.

Hoewel dit nie ’n hoofstroom-toeristeroete is nie, bied hierdie pad ’n besonder aangename, ontspanne rit. Of jy nou met ’n karavaan reis of alleen oor die bergpasse ry, Burgerpas beloon diegene wat die tyd neem om stadiger te beweeg en die landskap werklik te ervaar.

---

**Bron-erkenning:** *Aangepas uit* The Romance of Cape Mountain Passes *deur* Graham Ross.

---

**A.D. Keet** was 'n Afrikaanse digter. Hy het van die eerste minnedigte in Afrikaans geskryf. Sy eerste digbundel, Gedigte van A. D. Keet, het in 1920 verskyn. In 1931 publiseer hy Verspotte gediggies vir verspotte kinders. Verskeie van sy gedigte is in Suid-Afrika, Nederland en Vlaandere getoonset.




Jou vabond, wag, ek sal jou kry,
Van jou sal net ’n bloedkol bly
Hier teen my kamermure.
Deur jou vervloekte gonsery,
Deur jou gebyt en plagery
Kon ek nie slaap vir ure.

Mag ek my voorstel, eer ons skei,
Eer jy die doodslag van my kry -
My naam is van der Merwe.
Muskiet, wees maar nie treurig nie,
Wees ook nie so kieskeurig nie.
Jy moet tog ééndag sterwe.

Verwekker van malaria,
Sing maar jou laaste aria -
Nog een minuut vir grasie.
Al soebat jy nou nòg so lang,
Al sê jy ook: ek is nie bang,
Nooit sien jy weer jou nasie...

Hoe sedig sit hy, o die kreng!
Sy kinders kan maar kranse breng,
Nòu gaan die vabond sterwe.....
Pardoef! Dis mis! daar gaan hy weer!
Maar dóód sal hy, sowaar ek sweer -
My naam is van der Merwe.

# Dié Maand se Giggels





















Ek en my man Paul het toe stad toe gegaan en by daardie plek was duisende fietse. Jy moet ‘n afspraak maak voor die tyd en 90 euro betaal vir die afspraak. (ons het nie). Dan was daar een fiets (Santos) wel beskikbaar, maar hulle wou die fiets aan ons verkoop want huur werk nie. Die huur werk op ‘n ander manier. Elke bedryf het so ‘n beleid dat hul werkers via hulle ‘n fiets kan huur vir ongeveer 3 jaar. Die bedryfseienaar sal dan bv 100 fietse koop/huur en dan moet die werknemers dit van hulle huur teen bv 80 euro per maand.

Na een jaar kan hulle besluit of hulle die fiets teen ‘n verminderde bedrag wil koop of ‘n nuwe beter fiets te kry en dit dan uit te probeer vir nog een jaar op dieselfde manier.




Dus vir die fietseienaarswinkel is dit ‘n beter “deal” om dit so te doen. Die Santos kos toe

11,000 euro gelykstaande aan R220,000. Ons besluit toe dat ons eers sal iets gaan eet

want dit was ongeveer 1 uur en vandaar kontak ek toe my seun wat in Portugal woon en vra

wat hy dink. Sy redenasie was dat as mens so kort in België elke jaar is dat dit nie die

moeite werd is om so ‘n duur e-bike aan te skaf nie.

Hy het toe vinnig gegoogle en stuur vir my ‘n website waar ek nie ver van waar ons woon by Wildiers in Zandhoven ‘n fiets wat goedkoper sal kan vind nie. Ons verlaat toe die stad met tram en bus en neem toe ‘n motor wat toe nog vir ons tot beskikking was na Wildiers. Daar gekom was daar ook vreeslik baie fietse en dit was toe ook nog op ‘n special. Daar was fietse vir allerhande soorte gebruike.

Toe vind ons twee fietse wat groot genoeg was vir my lengte van 1,8 meter. Ek kon altwee

uitprobeer deur om die blok te ry. Dit was albei lekker fietse en elkeen se prys was 3,800

Euro. Maar met die korting betaal jy net 3,400 euro. 400 euro maal 20 gee jou darem ‘n

R8,000 korting. Ek besluit toe op ‘n Victoria fiets wat ‘n Duitse merk is. Die ratte is van

Bosch en ook die versneller by die trapgedeelte. Dis alles goeie merke. Die plek waar ek

die fiets gekoop het was ongelooflik. Ek het met hierdie fiets meer as 1,300km gery in 1 en ‘n halwe maand en alreeds my eerste gratis diens gehad.




Liewe lesers

Wat is nou lekkerder as ‘n smaakvolle sappige regte Boerierol? Ideaal vir jul volgende straatbraai of impromptu kuiertjie!

So maak mens ‘n heerlike Tamatiesmoor vir jou boerewors- rolletjie!

**15 ml (1 e) olie**
**2 uie, fyn gekap**
**15 ml (1 e) kerriepoeier**
**5 ml (1 t) paprika**
**400 g blik gekapte tamaties**
**250 ml (1 k) water**
**1 blokkie beesvleisaftreksel**
**15 ml (1 e) tamatiepasta**
**400 g boerewors, gerooster**
**6 worsbroodjies**
**’n hand vol koljander vir garnering.**

Verbruin die uie tot sag in ’n pan met verhitte olie. Voeg die kerriepoeier en paprika by en braai 2 minute terwyl jy aanhoudend roer.
Voeg die tamaties en water by en bring tot kookpunt. Voeg die blokkie beesvleisaftreksel by, verminder die hitte en laat prut 5 minute.
Voeg die tamatiepasta by en laat prut 10 minute terwyl jy aanhoudend roer tot verdik.

Sit hierdie pikante tamatiesmoor voor saam met ’n boereworsrolletjie en garneer met koljander.

**Bron: Huisgenoot Digitaal**.

Tot volgende keer! Groetes!

Retha




Die Poolse kamp was feitlik volledig selfonderhoudend met 'n Poolse priester, twee dokters, 'n tandarts, onderwysers, verpleegsters, kokke, kleremaaksters en selfs 'n barbier op die terrein. Barakke is so ingerig dat elke slaapkamer 21 kinders, 'n onderwyser en toesighouer kon huisves. Vir die eerste keer in jare, na al die ontberinge wat hulle tot nou moes deurmaak, kon hulle uiteindelik normaal begin leef. Behalwe vir die daaglikse roetine van skoolgaan en gewone dagtake, het hulle hulleself kon vermaak met konserte hou en uitstappies in die omgewing maak. Ek lees hulle het onder andere die Kango Grotte, Rust en Vrede Waterval en volstruisplase besoek. Hulle kon ook twee maal per maand gratis by die plaaslike bioskoop na 'n middagvertoning gaan kyk. Vir sommige was dit letterlik die eerste keer ooit dat hulle in 'n bioskoop gekom het. Plaaslike mense het hulle tydens vakansies genooi om by hulle in die dorp te bly, en ek sien dat daar by Groot-brak 'n soort vakansiehuis vir hulle gehuur is om so ook die see te kon geniet. Die plaaslike Katolieke Kerk was aktief betrokke by hul geestelike en fisiese versorging, onder andere deur die insamel van fondse en klere. Die kinders het handgemaakte goed vir ekstra inkomste vir hul skool verkoop. Dit was veral die meisies se fyn naaldwerk wat goeie aftrek gekry het.

Die kinderhuis was altyd bedoel om net tydelik te wees en het na 5 jaar, in 1947, gesluit. Die aanvanklike idee was dat die kinders terug sou gaan Pole toe. Met die Poolse grense nie meer dieselfde as voor die oorlog nie en boonop onder kommunistiese beheer, was dit moeilik om daarheen terug te keer. Ons weet van slegs ses kinders wat uiteindelik terug is Pole toe. Sommige van die kinders se ouers of familie is in ander lande in Afrika (oa Kenia, Uganda, Tanzanië, Zambië en Zimbabwe) by Poolse vlugtelingskampe opgespoor en hulle is met hul families verenig. Vele van hulle het daarna na lande soos die VSA, Kanada, Australië, Brasilië, Argentinië en Groot Brittanje gereis om daar 'n nuwe lewe te begin.

**Oudtshoorn is die geboorteplek van die moderne geskiedenis van die Pole...**

Ongeveer die helfte van die kinders het egter in Suid-Afrika agtergebly en is na skole buite Oudtshoorn gestuur. Die meisies sonder familie is onder andere na Katolieke skole in George, Graaff Reinet en in Natal gestuur en meeste van die seuns na 'n Katolieke skool in Kaapstad. Hierdie kinders en hul nasate vorm die grootste deel van die Poolse gemeenskap in Suid-Afrika. Soos iemand tereg gesê het – Oudtshoorn is die geboorteplek van die moderne geskiedenis van die Pole wat hulle in Suid-Afrika gevestig het.

# Reunies, Swart Madonna en Monument



Die Swart Madonna Kapel – Katolieke Katedraal

Kort na hul vertrek uit Oudtshoorn het die Oudtshoorniaks, soos die Oudtshoorn vlugtelinge bekend staan, 'n vereniging op die been gebring wat hulle in kontak hou met mekaar. Die amptelike titel is "the Polish Association of Siberian Deportees in Southeast Africa", en hulle kom nog gereeld met spesiale geleenthede terug Oudtshoorn toe.

In 1993, tydens die 50ste herdenking van hul aankoms in Suid-Afrika, het die Oudtshoorniaks 'n geraamde kopie van wat gereken word as een van Poland se mees kosbare heilige ikone, die Swart Madonna van Częstochova, aan die Katolieke katedraal in Oudtshoorn geskenk. Dis deur Stefan Adamski, een van die alumni van die kinderhuis, geskilder en aanvanklik in die Doopkapel geplaas. Dit het nou egter 'n spesiale plek in die kriptus van die kerk gekry. 'n Plaaslike skrynwerker het die opdrag gekry om 'n altaar - gefinansier deur die Oudtshoorniaks - te bou. Dit is in die kriptus geplaas, in 2003 tydens die 60ste herdenking ingewy, en die kriptus staan nou bekend as die Kapel van die Swart Madonna. Daar is ook 4 loodglasvensters, geskenk deur die Poolse gemeenskap, wat die Swart Madonna omraam. Links bo is die Poolse amptelike wapen, 'n wit arend, en daaronder 2 papawer-blomme, Pole se nasionale blom. Regs bo is die Vereniging se amptelike wapen, ook met 'n wit arend en die letters ZS, wat die afkorting vir "Siberiese Vereniging" in Pools is. Daaronder is 2 koning-proteas, simbool van die Poolse vlugtelinge se band met Suid-Afrika.


Op 22 September 2023 is 'n monument ter herinnering aan die Poolse kinders wat vir die 5 jaar op Oudtshoorn gewoon het, tydens hul 80ste herdenking by die plaaslike CP Nel Museum onthul. Dit is amptelik 2 jaar later, op 24 September 2025, ingewy.

Op die voorkant is 'n afbeelding van 5 kinders en 2 volwasse versorgers en die datums 1943 - 2023. Agterop vind jy die volledige lys name van die 500 kinders wat in die kinderhuis was.

Die Poolse vlag wapper ook in die museum se gronde. Daar is binne die museum 'n uitstalling te sien van onder andere foto's, dokumente en handgemaakte artifakte deur die kinders.

**Slotopmerking:**

10 April 1943, die dag toe die vlugteling-kinders en hul voogde in Oudtshoorn aangekom het, word beskryf as die begin van die moderne Poolse geskiedenis in Suid-Afrika. Dit is moeilik om presies te sê tot hoe groot die  gemeenskap intussen gegroei het – die syfers wissel van 15 000 tot soveel as 30 000. Wat wel duidelik is, is dat die Oudtshoorniaks volledig ingeskakel is en deel vorm van die Suid-Afrikaanse gemeenskap, steeds met trots vashou aan hul Poolse wortels en tradisies, en tog ook nie die rol wat die 5 jaar verblyf in Oudtshoorn vir hulle beteken het, vergeet nie.






**Deur Hans van der Walt**

Toe ek klein was, was tandeborsel ŉ nuwigheid. Mense het gedink dat dit maar een van die truuks was, wat tandartse uit gedink het. My sub A juffrou, mev Wellman ( Hoërskool hoof se vrou) het vir ons met groot moeite rympies geleer soos “ 30 keer op en af 30, keer heen en weer, tandjies borsel elke keer”. Ons het die rympie op haar handeklap gesing. Sy het vir ons prentjies gewys van tande kieme  wat met hulle pikkies en grafies jou tande oop kap. Hulle het sulke swart horingkies gehad soos die duiwel homself. Selfs klein leertjies om die hoogste by te kom. So het ons tande geborsel dat dit klap.

Daardie jare was Colgate die gewildste en later jare het Macleans gekom. Die voor loper van Aquafresh wat strepies in het. Dit was onverklaarbaar wonderlik om te dink hoe hulle die strepies in ŉ toe buis kon kry.

Ek het sulke uitstaan tande gehad...

Toe ek standerd 4 was vertel Mnr Oos van der Merwe vir ons dat hy nog sy oorspronklike tande het waarmee hy gebore is en daarmee kou. Was vir ons nog ŉ verdere aansporing om tande te borsel. Die meeste grootmense wat ons geken het wat 40 jaar oud was soos hy, het almal winkel tande gehad soos my ouma dit genoem het. Kon nie meer braaivleis eet of biltong sonder dat laasgenoemde deur die klein hamermeul gesit was nie. Ek het sulke uitstaan tande gehad op daardie ouderdom en my Ma, gelukkig vir my, was nie baie tevrede daarmee nie. Miskien was sy bekommerd dat my tande sou roes as ek naby die see sou kom of miskien het my klein onderkaak (soos ŉ Loeriesfontein skaap) haar gepla en sy het aan gedring dat ek tandarts behandeling moes kry in Windhoek. Daar was daardie jare geen tandarts in Gobabis nie. Dr Jubber in Windhoek was die groot draadspanner wat ŉ nuwe tegniek bemeester het om my tande met groot pyn terug te dwing in my bek in.

Elke 6 weke het ons die 150 myl grondpad Windhoek toe gery vir hom om die drade stywer te trek en vir my om met ŉ huilende bloed bek terug te ry. Gelukkig was my tande darem weer terug in hulle plek na die behandeling maar Mev Wellman se rympie het aanhou draal in my kop " 30 keer op en af, 30 keer heen en weer, tandjies borsel'.

Die emalje het slote in..

So het ek deur die jare aanhou borsel. In die begin jare was ons arm. Tande borsels was nie iets wat jy gereeld gekry het nie. Ons het ŉ tande borsel lank gebruik. Jy borsel tot die hare agter sit, dan draai jy hom om en borsel tot die hare weer voor is.

Glo my vandag is ek 60 jaar oud en het nog my eie tande. Hier en daar ŉ stopsel in maar dit is van onkunde. Gelukkig het ŉ briljante tandarts later in my lewe my goeie raad gee. " Jy is besig om jou tande deur te borsel. Die emalje het slote in." Ek het toe besef dat Mev Wellman se rympie nie die beste raad was nie. Hy het die slote met vullers toe gestop. Daar en dan het ek besluit ek sal my tegniek moet verander.

Gelukkig het die dieselfde dokter elektriese tandeborsels in sy spreek kamer verkoop. Hulle het sulke klein koppies soos ŉ "kom kuier kierie" wat blykbaar nie net toelaat dat ŉ mens die klein helsems oral kan bykom nie maar jy vibreer hulle so deur mekaar dat hulle rond le en kots soos ouens wat nie die seekat by die "Merry Go Round" geken het nie. Hulle pikkies, grafies en leertjies is so op gebondel dat dit hulle weke vat om dit weer uit te rafel en reg te buig. Net as hulle dink nou is dit weer tyd vir grawe dan klap jy hulle weer met die vibreerder. Daar is mos altyd ŉ paar ouens wat voor vat en die ander opsteek om in opstand te kom as hulle sleg behandel word. Hulle por die mannetjies aan om te betoog en te mors Dit was nogal ŉ probleem want dit laat mense se bolippe bewe en koppe weg draai as hulle jou asem ruik.

Listerine was tot onlangs die enigste in bedwang bringer maar met my wederhelf se 60ste verjaardag gee haar vriendin vir haar ŉ Aquaflosser persent. Wat ŉ kom kyk besigheid! Dit spuit ŉ straal water deur so ŉ nou puntjie tussen jou tande in. Erger as die polisie waterkanon ondersteuning. Nou is ek die betogers oor. Ek spuit hulle uit my bek uit. Nie vorentoe nie, nee agter toe in my keelgat af tot in my maag se soutsuur dam. Van die het ek genoeg want kry mos sooibrand dat die vlamme by my neus uitstaan soos ŉ Gompou s'n in die Desember hitte van die Kalahari.

Geween en kners van hulle tandjies is al wat van mev Wellman se mannetjies dees dae oorbly en Mnr van der Merwe " ek gaan nog met my eie tande eendag graf toe".






Ek dink vandag terug aan die slag toe ek lus begin raak het vir beestong daar in Saudi Arabieë.
As Christen in 'n Moslemland, gaan jy maar so leer – leer deur elke dag.
Het geweet dat mens nie daar die lekkernye soos beesstert en tong te koop kon kry nie. Een woensdag vaar ek saam met n vriend in sy motor die strate in - wat natuurlik nie toelaatbaar is nie, want sien ons is nie getroud en mag nie alleen in mekaar se teenwoordigheid wees nie. Wat nog te sê in die klein spasie voor in 'n voertuig!

Maar, vir die vooruitsig om 'n beestong te koop, plaas ek als op die spel en gaan na die groente en vleis souqk toe.
As jy vol fiemies is, bly jy liewers daar weg. Daar gekom moes ek uitvind ek moes die **HELE BEESKOP** koop om die tong te kry.

Na onderhandeling, kry ek toe die tong. Uitgeslag vanaf die gorrelpyp! Die duurste tong ooit. Dit weeg 3.5kg. Ek het nie eens die moeite gedoen om die eintlike tong te weeg nadat ek die onnodige reste afgesny en vir die katte gevoer het nie. Toe lê die maak van die pekelwater voor. Vriend sê ek moet soutwater aanmaak en toets met 'n aartappel. Wanneer dié bo dryf, is die sout genoeg. Ek het nie pekel gemaak nie, maar die dooie see in die kleine. Niks wou sink nie! Die eindproduk gaan toe darem beter af ten spyte van die lê in my dooie see! Groete vanuit Jan Kempdorp.
**Nina Schoeman** (Hennie se sussie)



# AGTEROS

*Net voor uitspantyd*




My liewe Pa wat ons met die wonderlikste stories ook nog kon vermaak het. Bedtyd saans was storietyd vir my en Kleinboet. Ons kon om die beurt, een storie uit die Kinderbybel en nog een uit enige storieboek kies. Die stories uit Hans Christian Andersen se Groot Fabelboek was by ons albei gewild, maar die Broers Grimm se verhale het soms vir ons nagmerries gegee. Veral as Pa dit ook nog so 'n bietjie erger laat klink het. Soos kinders maar is, het ons keer op keer dieselfde storie gekies.




My Bybel keuses was gewoonlik of die Barmhartige Samaritaan of Bileam se pratende donkie. Ek het nie soseer erg aan die Samaritaan se barmhartigheid gehad nie. Wat my geboei het was die illustrasie van die rowers. Hoe sou hulle ooit kon weghardloop met al die lakens wat om hulle gedraai was ! Heimlik het ek ook altyd gehoop daar gaan die volgende keer strenger opgetree word teenoor Bileam wat die arme donkie so mishandel het. Dan was daar ook nog die Wonderbaarlike reise en avonture van Nils Holgersson en sy gans. Ai, ek sou wat wou gee vir so 'n gans ! Maar die storie waarna ek en Kleinboet die meeste uitgesien het was die derde en laaste slaaptydstorie. Die een wat Pa self opgemaak en vertel het. Soms het dit gegaan oor stout of soet kinders en dit het nogal baiekeer geklink na hoe ons dag uitgedraai het. So 'n verskuilde sedelessie as ons die dag ons wêreld op horings geneem het. Maar dis nie al nie, Pa kon ook die mooiste stories oor ons land en ons mense vertel het. Wat my terugbring by Die Bybelstorie waarna ek die heel graagste geluister het. Dit was die storie van die Toring van Babel.

Van kleins af was ek bekoor deur die rykdom van verskillende tale en kultuurgroepe. My huistaal as kind, was oorwegend Afrikaans. My nefie se huistaal Engels en my twee beste maats was Duitssprekend. Om alles te kroon het my Ouma in Nederlands met my gekorrespondeer.

Tydens die konstruksie van die Outeniquapas het ons in die Langkloof gewoon en ons tuinwerker het in isiXhosa met my en my Pa gepraat.

Madala se kwaai "Aikona ukubehta" wat ek baie gehoor het en sy vraende "uthini na, wat sê jy Blommetjie van Grootbaas?" as dit die dag beter gegaan het met my helpery in die tuin of as Pa in die nabyheid was, is ongelukkig al wat ek van die taal onthou.

In Namibië het ek graag met die Ovambo mense in hulle taal probeer praat.Weereens was die taal ook vir my verlore toe ek Hoërskool toe is in Kaapstad.

Baie jare later, staan ek en Wederhelf op ons woonstel se balkon. In die straat oorkant, laat 'n Fransman aan sy huis se dak werk.

Engels is die gemene taal tussen hom en die ook anderstalige werkers. Aan albei kante is die taal ietwat gebroke en die Fransman se aksent is hewig.

Daar word wedersyds al hoe harder gepraat en die gebaretaal word meer omvattend. Ek verkneukel my natuurlik aan die spel en misverstande tussen die driftige Fransman en die verwarde werkers.

My barmhartige wederhelf besluit egter om hom liewer te ontferm oor die man en te gaan uithelp, voor "*Sheet off...NO !! Sheet on, SHEET off !!* " vir buurman in plaas van met net 'n skoon dak, heeltemal dakloos laat.

Terug by my ondervinding in die boumateriaal stoor en by my eie dilemma met dakplate en skroewe wat iets anders genoem word, het ek net weer besef hoeveel lesse daar opgesluit is in oeroue stories.

Of dit nou 'n Bybelstorie is, 'n fabel of net 'n slaaptydstorie.

Dalk moet ons net weer al dié stories lees, onthou en sê:

"Mens ek sien jou, al praat ons nie meer dieselfde taal nie..."

*Groete, Leonora.*